e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

14 Augustus 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 26

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Rudolf Karl Bultmann
(20-08-1884 – 30-07-1976)

In kerklike kringe lok die naam Bultmann gewoonlik emosiebelaaide reaksie uit. Kritiese teoloë vereer Bultmann as een van die vernaamste grondleggers van Bybeluitleg soos dit vandag aan akademiese instellings en in kerke beoefen word, of dalk selfs as die vernaamste Nuwe-Testamentikus wat die vorige eeu opgelewer het. Konserwatiewe kritici van Bultmann waarsku ander egter teen hom as een van die grootste ketters wat die kerk nog, volgens hulle, opgelewer het. Wie was Bultmann en hoe is dit moontlik dat een mens se teologie so radikaal uiteenlopend beoordeel kan word?

Bultmann (professor in Breslau, Giessen en Marburg) is al dikwels verwyt dat hy die evangelie net ten dele sou glo. Die redenasie wat gewoonlik in hierdie verband aangebied word, is dat hy nie al die vertellings in die Bybel en Bybelse uitsprake oor die lewe van Jesus as historiese berigte takseer nie en gevolglik net selektief glo. Sy geloof is 'n verskraalde geloof.

Die waarheid is egter dat Bultmann hom lewenslank met groot erns daaraan toegewy het om die evangelie in die volle omvang daarvan te verstaan en aan ander te verduidelik. Dit is nie waar dat Bultmann sekere dele van die Bybel (die sogenaamde mitiese stof) as uitgedien beoordeel het en dit dus nie as deel van die evangelie wou aanvaar nie. Hy haal, met ander woorde, nie die dele van die Bybel wat mitiese elemente bevat uit die boodskap van die Bybel en bied net dit wat oorbly as die evangelie aan nie. Wat Bultmann wel wou doen, was om ons daarvan te oortuig dat ons ons nie moet blind staar teen die antieke taal en beelde waarin die evangelie in die Bybel vir ons opgeteken is nie, maar dat ons die taal en beelde – wat intussen vir ons vreemd geword het – met die beste middele tot ons beskikking moet analiseer en interpreteer om die betekenis daarvan te ontsluit. Ons glo immers nie in 'n verouderde wêreldbeeld nie, maar in God. Net so hang ons heil nie van ons eie goedgelowigheid, bygelowigheid of naïwiteit af nie, maar van die genade van God.

Wanneer 'n mens se eie denkweg met dié van Bultmann kruis, word jy direk met die evangelie van Christus gekonfronteer. Vir Bultmann gaan dit nooit oor wat hyself van 'n saak dink nie, maar oor die gelowige aanhoor van die evangelie. Bultmann verstaan geloof primêr as geloofsdaad, met ander woorde, 'n daad van gehoorsaamheid teenoor God. Volgens Romeine 1: 5 verstaan Paulus die essensie van sy apostelskap as *om die heidene tot geloofsgehoorsaamheid te bring*. Die gelowige aanneming van die evangelie is 'n daad van gehoorsaamheid teenoor God, omdat dit van ons vra om te bely dat die gekruisigde Jesus die Here is. Hierdie belydenis vereis dat ons ons selfverstaan sal prysgee wat deur eiewilligheid bepaal word om gehoorsaam aan God en in vertroue op Hom te lewe. Bultmann se geloofsoortuiging kom byvoorbeeld duidelik aan die lig in sy reaksie op die toekenning van die Pruisiese orde van meriete aan hom op 84-jarige ouderdom. Hoewel Bultmann groot waarde aan hierdie toekenning geheg het, het hy in privaathoedanigheid daarop gewys dat 'n mens in geloof alle werke, prestasies en verdienstes wat tot selfverheerliking kan lei, moet prysgee en jouself vertrouend op God aan die genade van God moet uitlewer. In hierdie gees gedenk ons die geboorte van Bultmann 130 jaar gelede.

Dr Gafie van Wyk

*** 'n Simposium oor die lewe en teologie van Rudolf Bultmann vind op Woensdag 20 Augustus van 09:00 tot 14:30 plaas by die Sinodale Kantoor in Pretoria (vind meer daaroor op bladsy 5).

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

Dr Johan Nel

BEROEPE

Beroep ontvang

- **Dr J (Johan) Nel** (beroepafwagtend) na Bloemfontein-Wes (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Mev Tienie Stoltz**, vrou van ds Dirk Stoltz en moeder van ds Gerhard Stoltz, is 22 jaar gelede met Parkinson se siekte gediagnoseer. In 2012 het sy ’n inplanting gekry vir diepbreinstimulasie. Dit het haar baie gehelp, maar nou moet die toestel se battery op Vrydag 15 Augustus in ’n operasie vervang word. Sy kry tans swaar en beweeg amper nie sonder hulp nie. Die nuwe battery behoort egter groot verligting en verbetering te bring. Ons bid mev Stoltz baie sterkte toe.

Ds Denise Schmidt en kollegas

- Baie geluk aan **ds Wouter en Simoné van Wyk** van Gemeente Verwoerdburg met die geboorte van klein Wouter Abraham op Dinsdag 12 Augustus. Geluk ook aan die trotse oupa en ouma, dr Wouter en Susan van Wyk.

- **Ds Denise Schmidt**, vroeër van die NG Kerk, is op Sondag 27 Julie in Gemeente Klerksdorp-Suid bevestig. Op die foto is sy saam met die predikante wat die geleentheid bygewoon het.

Prof Yolanda Dreyer

- **Prof Yolanda Dreyer** het Sondag 10 Augustus 20 jaar by die Nederlandssprekende Gemeente in Johannesburg saam met die gemeente gevier. Op dié spesiale dag is ook ’n diaken bevestig wat van Surinaams Hollandse afkoms is. Op prof Yolanda se aanvangsdatum in Augustus 1994 het sy in Nederlands voorgegaan, en dit was nogal ’n aangename verrassing vir baie. Sedertdien het sy die taal vlot leer praat en gaan sy elke diens in Nederlands voor. Sy was vir die grootste gedeelte van daardie tyd ook dosent by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

- **UITREIK IN RUSTENBURG.** Daar is **dringende voedselnood** in Rustenburg, en gemeentes en lidmate word ernstig versoek om voort te gaan met hulpverlening. Al die skenkings word in pakkies per gesin verpak. **Klein verpakkings** van produkte maak die opmaak van kospakkies makliker. Eenhede van byvoorbeeld 750 ml olie, 1-2 kg suiker, ensomeer, is makliker om dadelik te verpak as produkte wat in groot mates of volumes kom. Wanneer die produkte in houers herverpak moet word, word die indruk geskep dat van hierdie produkte reeds oopgemaak of oud is. Kontak **ds Neels van Tonder** van Gemeente Buffelspoort by 072 633 3367 of **nvtonder@vodamail.co.za**, of diak Andries Pretorius van die Algemene Diakensvergadering by 082 490 5378 om uit te vind waar u die skenkings kan afgee.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Op **Sondag 24 Augustus** herdenk die kerke in die Calvinistiese tradisie die vervolging van en moord op medegelowiges. Hierdie Sondag word gekoppel aan die slagting van Bartolomeusnag (1572). Ons moet ons egter nie teen hierdie één geweldsmisdaad blind staar nie. Martelaarskap is ’n geweldige probleem. Naas die herinnering van wat lank gelede gebeur het, behoort ons ook te konsentreer op wat vandag aan Christene gedoen word. Die ontvoering van honderde skooldogters in Nigerië en die volksmoord in die noorde van Irak is twee gebeure waaraan ons op hierdie Sondag aandag kan gee (minstens in ons gebede). Martelaarskap loop hand aan hand met die Christelike geloof. Die steniging van Stefanus (Hand 7) is ’n geskikte gedeelte vir die prediking.



- Die ***Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*)** nooi diegene uit wat tydens die AKV aan die **debat oor homoseksualiteit** deelgeneem het om hul standpunte op skrif te stel. Hulle is welkom om hul standpunte tot kort artikels te verwerk, sou hulle dit graag wou doen. Hierdie aangrypende debat is nie genotuleer nie en die *THT* 2014/4 kan die leemte oorbrug. Die standpunte (en/of kort artikels) moet die redakteur teen nie later nie as **begin Oktober** bereik.

  THT 2014/4 word aan die **etiek** gewy. Hierdie jaar word daar binne die raamwerk van die Luther-dekade aandag gegee aan die verhouding kerk en staat / geloof en politiek. Dit sal goed wees indien die Hervormde Kerk aan die debat kan deelneem. Artikels oor hierdie tema word ook ingewag teen **begin Oktober**. Voornemende outeurs moet die redakteur, prof Natie van Wyk (**aim1@mweb.co.za**), so gou moontlik in kennis stel van hul voornemens.

- Gemeentes en predikante word vriendelik dog dringend versoek om lidmate op **Sondag 24 Augustus (MEDIASONDAG)** in te lig oor die Kerk se publikasies. Dit het oor jare duidelik geword dat gemeentelike intekenings verband hou met die entoesiasme van predikante en ander leiersfigure in die gemeente om die kerklike publikasies bekend te stel en aan te beveel. Onthou ook dat die oorblywende eksemplare van die ***Almanak/Bybelse Dagboek* van 2014** nou beskikbaar is teen **slegs R50 (posgeld uitgesluit)**.

- **Alle predikante van die Kerk,** diensdoende en emeriti, het waarskynlik reeds hul gratis eksemplare van die Nuwe Testament en Psalms van ***Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*** as geskenk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ontvang. Indien daar dalk predikante is wat dit nog nie ontvang het nie, word hulle vriendelik versoek om met mev Anne-Marie Nortjé, sekretaresse van drr Kálmán Papp en Stephan Hoffman, in verbinding te tree by 011 970 4010. Skakel egter asseblief eers vooraf met u ringskriba wat dit dalk namens u in ontvangs geneem het tydens vanjaar se ringsvergadering.

- Neem asseblief kennis dat die petisie teen ***Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV)*** wat tans via e-pos en sosiale media (Facebook, Whatsapp, BBM, ens) versprei word, van alle waarheid ontbloot is. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het reeds hierdie **valse bewerings** beantwoord in 'n verklaring wat besigtig kan word by die BDV se amptelike webtuiste **www.bybeldirektevertaling.co.za** (selekteer die skakel wat lees: *verklaring van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika na aanleiding van 'n petisie teen 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling*). Stuur asseblief hierdie inligting aan vir enige persoon wat die petisie vir u aanstuur. Dankie vir u volgehoue ondersteuning en gebed vir die uitvoering van die visie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika: *'n Bybel vir elkeen.*

- **AANDAG ALLE OUD-VAN DER HOFFERS!**
  Spesiale feesdinee om die Vereniging se **90-jarige bestaan** te vier
  Waar: Tukkies se Klubsaal (Burgundy's)
  Wanneer: **Donderdag 28 Augustus 17:30 vir 18:00**
  Predikante kan gerus hul jaargroepe motiveer om dit by te woon
  Antwoord asseblief voor 20 Augustus
  R180 per persoon en R150 per persoon per paartjie
  Besprekings en navrae aan Dewald Kruger by **dewalq@gmail.com**
  of Elmien Knoetze by **vdhstudente@gmail.com**

- **Gemeente Declercqville** se nuwe skriba vir registrasie is mev CM (Rina) Meyer, 018 469 1515, **jdmeyer@mweb.co.za**.

- **Gemeente Bergsig** in Mountain View, Pretoria, benodig 'n **orrelis**. Die salaris is volgens die Kerk se riglyne, en die sluitingsdatum vir aansoeke is **20 Augustus**. Navrae aan ds Freddie Nortje by **nortjerika@gmail.com** / 074 308 7332.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 17 Augustus 11:00: Gemeente Sionspoort**
  50ste ampsjubileum en verjaardag van ds DGS (Douw) Steyn
  Ds Steyn is op 21 Maart 1964 in Gemeente Duncanville georden
  Oudl FJ Paynter sal die geleentheid
  namens die Kommissie van die AKV bywoon
  Navrae aan dr Johan van Staden by **jvstaden@intekom.co.za**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 22 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**

o Sondag 17 Augustus:	Ds DGS (Douw) Steyn (emeritus)
o Maandag 18 Augustus:	Dr GMJ (Gafie) van Wyk (Kaapstad)
o Dinsdag 19 Augustus:	Di BF (Berend) Greyling (Grootfontein/Tsumeb), HF (Hennie) la Grange (buiteland), JD (John) Putter (Drie Riviere) en dr CJ (Christo) Viljoen (emeritus)
o Woensdag 20 Augustus:	Ds MM (Marike) van der Merwe (beroepafwagtend)
o Donderdag 21 Augustus:	Ds W (Werner) Mans (Duncanville)
o Vrydag 22 Augustus:	Ds WH (William) Harmse (Alberton-Wes)

’n Gedig wat troos

Hemelse wiskunde

elke wingerdstok se lower
ten spyte van die reguit rye
elke onbesnoeide struik
elke klippie in die gruis
elke sinkplaatpad bevestig
God wend ongelyke vorme aan

elke bergreeks, boom en bos
elke stroom se sonkwasriete
elke grashalm padlangs toon
dat God sy doel aspris bereik
met skewe lyne en kronkelweë

Bonaventure Hinwood (April 2009)

Beplande vergaderings

o Donderdag 14 Augustus:	OSR Finkom Direksie van die Monumenttehuise TOIBO
o Vrydag 15 Augustus:	Moderamen
o Saterdag 16 Augustus:	ADV Kommissie OSR Jaarvergadering
o Maandag 18 Augustus:	Aksiegroep vir Bejaardes
o Dinsdag 19 Augustus:	ADV Kommunikasie
o Woensdag 20 Augustus:	HTK en *THT*: Simposium oor Bultmann
o Vrydag 22 Augustus:	Raad van Finansies

Kursusse en toerusting

- **Donderdag 14 Augustus om 14:00: UP Fakulteit Teologie**
  Lesing deur prof Christian Frevel (Universiteit Bochum, Duitsland)
  Broken faith and the discovery of theology:
  Some insights in reasoning within the book of Lamentations
  In Teologie 2-10
  Navrae aan prof Alphonso Groenewald: **Alphonso.Groenewald@up.ac.za**

- **Simposium oor die lewe en teologie van Rudolf Bultmann**
  Woensdag 20 Augustus 09:00 tot 14:30 by die Sinodale Kerkkantoor
  (Bultmann is op hierdie datum 130 jaar gelede gebore)
  Aangebied deur die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*) en
  die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)
  Kort voordragte deur drr Gert Malan, Piet Boshoff, Gafie van Wyk, Jaco Beyers,
  proff Andries van Aarde, Ernest van Eck, Natie van Wyk en ds Elritia le Roux
  Die volledige referate sal in die *THT* 2014(3) gepubliseer word
  Die verwerkte voordragte sal in die *HTS* gepubliseer word
  Almal welkom
  Laat weet prof Natie van Wyk (**aim1@mweb.co.za**) indien u gaan bywoon

- **Hervormde Teologiese Kollege: Gesprek met die Bybel**
  Woensdag 3 September 19:00 tot 21:00
  Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie, Kamer 1-11
  Tema: *Homoseksualiteit* (inleier prof Piet Geyser)
  Bevestig asseblief teen **Woensdag 27 Augustus** indien u gaan bywoon
  Kontak mev Betsie Brits by 012 420 5393 / **betsie.brits@up.ac.za**

- **Predikantevergadering 2014: Woensdag 10 September**
  Tema: *Kom ons vertel...*
  Gemeente Montana, hv Jan Bantjies- en Azanzaweg, Montana
  Registrasie 08:30; opening 09:00; tot ongeveer 14:00
  R180 per persoon, geen koste vir emeriti
  Gelde kan vooraf elektronies inbetaal word:
  Bank: ABSA
  Rekeningnaam: Kerkgeld vir Kerkwerk
  Rekeningnommer: 020-149-752
  Takkode: 632-005
  Verwysing: 1540K + voorletters en van
  Stuur bewys van betaling na **kassier@nhk.co.za** / 086 633 2913 (faks)
  (Bring ’n kombers of kampstoel saam vir u eie gebruik)
  Verskonings aan ds Marius Bacon by **baconm@telkomsa.net** / 083 297 6135

Skryfwenke

Predikante en ander medewerkers voel soms onseker oor hul skryfvermoë, en vra dan ’n paar wenke. Ons gaan voortaan van die algemene skryfkwessies hier belig.

Mense onthou dikwels die reël wat hulle op skool geleer het dat die **werkwoord altyd aan die einde van ’n sin** staan. Maar reeds in 1968 het TH le Roux in *Afrikaanse Taalstudies* geprotesteer teen dié dogmatiese opvatting van sekere taalvoorskrywers. En in 1982 het Johan Spies in AS de Beer se *Joernalistiek vandag* beaam: *In Afrikaans staan die werkwoord meestal later in die sin as in Engels, maar dit is onkunde wat hom altyd op die end van die sin wil hê.* AF Prinsloo en FF Odendal skryf in 1995 in *Afrikaans op sy beste. Hulp met moderne taalkwessies* dat die verpligte plasing van die werkwoord aan die einde van ’n sin ’n wanopvatting is. *In talle gevalle word kommunikasie hierdeur gestrem, veral in radiotaal waar die luisteraar nie ’n teks voor hom het en weer kan lees om te probeer begryp watter handeling in die sin plaasvind nie.*

Dus: Plaas die werkwoord **so vroeg moontlik** in die sin. Dit sal voorkom dat ’n paar werkwoorde in ’n ingewikkelde sin sal ophoop – veral in langer sinne. Dit sal beter kommunikasie meebring, en die taalstruktuur sal natuurliker wees.

Voorbeeld
NEE: Die Verbruikersraad *het* die standpunt dat die regering die verskaffers wat die prys van voedsel kunsmatig *opstoot*, *moet vervolg*, *ondersteun*.
JA: Die Verbruikersraad *het* die standpunt *ondersteun* dat die regering die verskaffers *moet vervolg* wat die prys van voedsel kunsmatig *opstoot*.

(Bron: *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans.* WAM Carstens. 5de uitgawe, 2011)

Allegaartjie

As daar resepte vir goeie kuns was, was daar nie kunstenaars nie, want selfs ek kan ’n eier op die resep af bak, maar niemand kon my nog ooit leer om “Vroegherfs” te skryf nie. (Hans du Plessis, in *Die Afrikaanse skryfgids* van Riana Scheepers en Leti Kleyn)

Konserte en feeste

- **Ds Fanie Beukes en Doulos Armoedebediening**
  Reël ’n geestelik opbouende aand
  Die kunstenaar en Doulos verskaf die plakkate en kaartjies gratis
  Kaartjies kos R60 (gemeente, kunstenaar en Doulos kry elk R20)
  Kosverkope is deel van gemeente se wins
  Navrae: 073 167 1183 / tel en faks 086 208 3624
  E-pos: **dankieHeer@gmail.com**
  www.facebook.com/dankieHeer

- **Saterdag 23 Augustus 18:30 vir 19:00**
  Gemeente Benoryn: Yoti die Griekse Boertjie
  R150 per persoon
  Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317
  of Annette by 011 849 1179 of 079 499 5393

- **Saterdag 23 Augustus: Gemeente Noordelike Pretoria word 80**
  Feestelikhede skop af met optrede van Liza Brönner
  10:00 in die kerkgebou
  Daarna heerlike ontbyt en lekker kuier (sap en koffie ingesluit)
  R100 vir volwassenes, R60 vir persone bo 65 en laerskoolkinders
  (voorskoolkinders gratis)
  12de Laan 512, Gezina, Pretoria
  Bespreking is noodsaaklik!
  Bespreek by Marian Jordaan 082 937 7562
  of gemeentelike kerkkantoor 012 335 9148

- **Saterdag 6 September om 09:30: Konsert**
  Fondsinsameling vir Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville
  Panfluitoggend en heerlike tee en verversings
  ’n Lentebries met Ryan Walt en Stephan Sterling
  Kerkgebou van Gemeente Erasmia
  Kalkheuwelstraat, Christoburg (Erasmia)
  Vir kaartjies (R60) skakel Sannie Duvenhage (012 654 5246)

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 12 September: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Gholfdag
  Plek: Bronkhorstspruit Gholfklub
  Formaat: 4BBB
  Afslaan: 11:00
  Koste: R250 per speler
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263 / **attiebotha@telkomsa.net**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Bulawayo: Gemeente-hulpfonds 2014: Kompetisie**
  Vir pastorale bediening aan bejaarde en behoeftige lidmate
  Wen vleis of kontant – vleis sal deur u naaste slaghuis gelewer word
  Inskrywings in veelvoude van R20
  Trekking Saterdag 6 September 2014
  Navrae aan Marlene van der Merwe in Pretoria: 072 436 6714

- **Gemeente Vaalpark: Wen kaartjies vir *Afrikaans is groot!***
  2 kaartjies vir Saterdag 22 November om 19:30
  Vertoning by Moreletapark
  R100 per inskrywing, trekking Sondag 28 September
  Vir deelname/navrae kontak Amori by 079 661 0611
  of Danie by 082 816 8453

Basaars en markte

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Gemeente Tzaneen**
  Hanekraaikarnaval: *Van vroeg tot laat*
  Agathastraat 18, Tzaneen
  Beroemde ontbyt, biltong-en-droëwors-stalletjie
  Baie vermaak vir kleuters, kinders en jongmense
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508 (Maryna Roodt)
  of ds Richard van der Westhuizen by 015 307 4789

- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Mafeking: Reënboogfees**
  Gaskunstenaars: Betty-Jean, Rudi Roos en Ricardo Muller (gratis toegang)
  Skenk R50 en wen moontlik R10 000, R5 000 of R3 000 kontant!
  Veiling van unieke handvervaardigde meubels, speelgoed, olieverfskildery en vele meer
  Vermaak vir kleingoed en jeugdiges
  Verskeidenheid te eet en drink
  Navrae aan Kallie 079 893 9031 / Nelia 083 665 6239

- **Vrydag 5 September: Gemeente Swartkop**
  Basaar (Dankfees)
  14:00 tot laat
  Irelandlaan 107, Eldoraigne
  Navrae aan ds Adriaan Roets by ahroets@telkomsa.net

- **Saterdag 27 September: Gemeente Klerksdorp-Suid: Basaar**
  By Goudkoppie op N12, Klerksdorp
  Navrae aan ds Denise Schmidt by **denise7zcj@gmail.com**

ANDER NUUS

- **Christian Reformed Churches of Australia (CRCA)**
  Catalyst (elektroniese tydskrif)
  Deel ervarings van Suid-Afrikaners wat na Australië emigreer
  E: **Catalyst@crca.org.au**
  Blog: **http://crcacatalyst.com**
  Twitter: **www.twitter.com/crcacatalyst**
  Ook op **Facebook**

- **Saterdag 6 September: Super 10 Spinnathon**
  Ten bate van *Beeld*-Kinderfonds
  Van 07:00 tot 17:00 aan waterkant van Centurion Mall
  Kry inligting oor inskrywingsfooie en reëls by Adrie van Staden
  011 976 2273 / 073 749 2697 / **info@beeldkinderfonds.co.za**

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na **produksie@nhk.co.za**. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Heer, dit is nag, dis donker, dis stil,
en ek is alleen.
Maar as ek sag met U praat,
is die donkerte anders donker,
die stilte anders stil,
die nag anders nag
en ek anders alleen.
Vul my hart, Heer, met u ontferming
en seën hierdie ure.

(Toon Hermanus)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx